# Lesing 2 - 30 November 2020 - Meer Eindtyd Profesieë vir die Boerevolk

## MY Woord is daar vir MY ware diensknegte*

***(Gedikteer aan Christine Badenhorst)***

"Daar is wonderwerke en daar is wonderwerke. Daar is seëninge en daar is seëninge. Daar waar EK is, is geen vrees, maar julle ervaar dit nie as sodanig nie. Daarom is dit nodig om julle kort-kort te herinner aan voorvalle of gebeurtenisse waar MY Naam weer in ere herstel kan word in julle wankelrige gemoedere. **Selfs MY knegte twyfel aan MY woorde.** Dinge wat aan hulle geopenbaar word, word as goedkoop woorde opgevat wat nooit waar sal word nie. Dink daaraan in die tye wat kom, want **EK sal sekerlik nie een woord ongedaan maak wat EK gespreek het nie**. Julle sal alles waarneem en in angs sal julle besef watter fout julle begaan het deur MY woorde as niksseggend af te maak. Die van julle wat dit wel ter harte geneem het, sal ook uit julle velle wees, omdat julle Elohim en Verlosser Sy woord gestand doen. **Wees daarom bly as julle onder die is wat MY Woord glo**, want al die ander sal hulle koppe in skaamte moet laat sak, omdat hulle MY en MY diensknegte nie geglo het nie. Wees daarom ywerige werkers aan julleself en kweek 'n liefde in julle harte vir MY, dan sal julle ook begin glo, al gebeur dinge nie dadelik nie. Wees gewaarsku - dinge sal gouer op julle toesak as wat julle dink en in julle angs sal al MY woorde na julle toe terugkom in die felheid van MY vuur.
Julle Skepper en getroue Meester."

## Nuwe beloftes vir die Boerevolk wie JaHshua lief het.

***Woord aan Christine op 12 November 2020***

Ek is besig om ontbyt te maak en ek hoor JAHSHUA sê met baie opgewondenheid vir my dat HY vir my 'n geskenk het vir SY volk. En ek is so bly dat ek sommer my eetlus verloor.

"Kom na MY toe MY GELIEFDE VROU. KOM EK WIL MET JOU TROU!" Ek was nou bewus van baie mense JAHSHUA! KOM kry vir jou die mooiste iets wat Jy nog ooit gekry het. **Dit is vir jou volk vir wie EK baie Lief is**! EK wil Julle hê. Julle is MY uitverkorenes en EK gaan groot wonderwerke vir Julle doen! Julle wie klein en gering is voor die wêreld, Julle is lastig in hulle oë en hulle vrees Julle omdat hulle weet waar Julle Krag sit en WAARONDER Julle skuil! Daarom beplan hulle om Julle van die aarde af te vee en hulle dink dat dit 'n maklike taak sal wees omdat Julle so klein en gering is, omdat Julle so gestroop is van al Julle eie waarde. Hulle het Julle vertrap met hulle slegte planne en Julle, goedgelowiges, het die onderspit gedelf. Maar die einde is nog lank nie in sig vir Julle nie, want EK het behae in Julle. EK het Julle lief. **EK is met Julle en daarom sal die wêreld verstom staan as alles verby is vir Julle en EK vir Julle die VREDE gee waarna Julle so verlang.**

Baie bloed is al gestort hier in Julle land en elke druppel het EK opgevang en dit sal gehou word teen die wat met die bose planne teen Julle opgestaan het.


Maar vir Julle het EK LIEF met 'n ewige LIEFDE omdat Julle so kosbaar is in MY hart." En ek sien JAHSHUA kyk na SY palm en daarbinne lê 'n klein druppeltjie en dit is ons en die LIEFDE waarmee HY na ons kyk is fantasties mooi.

"EK weet Julle is vol sonde en vol ongeregtigheid maar die feit dat Julle dit kom bely het voor MY, maak Julle rein. Nie een mens op aarde is sonder die sonde nie, maar Julle het ook MY in Julle harte. **EK IS DAAR BINNE ELKEEN VAN JULLE EN EK MAAK JULLE REIN**.

Daarom sal EK ook ontsag hê vir Julle en Julle nie skaad wanneer EK kom om die bose te verdelg en na hulle sonde te kom oordeel nie." En ek sien JAHSHUA hou 'n bos blomme vas en die blomme is so spesiaal gekleur dat dit **Die Vierkleur** vorm en HY sê vir my "Staan vir MY. **Laat hierdie 4 kleure 'n simbool van die ewige LIEFDE tussen MY en Julle wees**!

Laat dit Julle **aan MY herinner** en nie aan aardse dinge nie. Menige mense is nog veels te vas aan die grond in plaas van aan MY.

Onthou dat EK DIE MEESTER oor die grond is en dat alles maar net aan Julle gegee is tot voordeel en opbou van Julle siele en dat alles agter moet bly wanneer EK Julle huistoe roep en dat EK dan alles wat EK aan Jou geleen het op aarde weer terug sal vat en dit op die tafel voor MY gooi en weeg hoeveel wins Jy vir MY, die onregverdige rentmeester teruggebring het. As hierdie wêreld dink dat hulle onregverdige winsmeesters is, het hulle MY nog nie gesien nie, want EK IS DIE MEESTER IN ALLES! En EK sal nie verskoon wanneer hulle voor MY kom staan en MY talente is deur die modder gesleep, verag en ook gedood nie. EK IS DIE ONREGVERDIGE RENTMEESTER **WAT REGVERDIG IS IN ALLES! ALLES** wat EK aan Julle gegee het, moet Julle weer teruggee aan MY. Salig is Julle wanneer Julle meer teruggee as wat Julle ontvang het!"







**DIE SEËN DEUR JAHSHUA GEGEE AAN DIE BOEREVOLK**

**Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.**
**Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.**
**Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai**
**En die arend se gesang uitrys bo die kraai.**
**Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,**
**Edel is die hart wat Liefde verkies.**
**Edel is die Man wat hart aan hande bind**
**En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.**
**Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel waarin My Brood nou breek. Amein**

***(vervolg)***

Nuwe beloftes vir die Boerevolk wie JaHshua lief het.

***Woord aan Christine op 12 November 2020***

En ek sien JAHSHUA en HY glimlag so fantasties mooi en ek sien 'n lag in SY HART omdat HY bly is oor die vrug wat HY in my (***Sy Bruid***) sien. Maar HY kyk soveel verder as ons mense, want ons is bly oor die boom se vrugte, maar HY sien tot in ewigheid en lag, want HY sien die sade wat ook bome geword het en ook vrug dra en vermeerder tot in ewigheid. En dit maak HOM baie, baie bly want HY is EWIG! Ek as mens het my nog net altyd verbly in dit wat ek NOU voor my sien...ek is bly oor die koring wat 'n mooi oes gelewer het of die mielies of vrugtebome, maar JAHSHUA is bly oor dit wat tot in ewigheid in die toekoms ook lê en dis hoe HY ook na ons kyk. En dit sien ek nou in SY LAG en dit verstom my hoe ontsaglik GROOTS EN WYS EN ALLES HY IS!!

SY uitkyk op alles is soveel groter as ons s'n!! En HY herinner my aan dit wat HY gesê het en ek sidder en ril as ek dink aan die mense wat voor HOM moet staan en oor wie HY, DIE GROOT RENTMEESTER NIE tevrede gaan wees nie!! En ek sidder vir hulle wat ons volk laat uitmoor het!!! Wat ter wille van aardse gewin, ons nie die lewe gun nie!! En HY kyk vir my en daar is ook 'n waarskuwing in SY kyk wat sê dat ons nie teveel van die aardse moet maak nie.

En hier praat HY spesifiek van ons land, **patriotisme wat 'n goeie ding is, maar nie groter as HY is nie**. En ek sien dat hier nog **baie mense is wat ons land groter maak as wat Hulle HOM maak**. En ek sien JAHSHUA stap, en ek stap langs HOM, en soos wat HY loop oor die mooiste sagste wolkagtige substans, sien ek mense onder SY voete, maar **dit is SY kinders wat in SY GEES leef** en HY versamel mense deur SY voete soos wat HY stap. Hulle kry nie seer nie, word net saggies opgeneem so sag asof hulle ingeasem word en ek verkyk en verwonder my aan DIE MEESTER VAN ALLE SIELE!

En my siel roep uit in hierdie verwondering en ek sê "JAHSHUA!!" En HY staan skielik stil en draai na MY toe met 'n skewerig, selfvoldane glimlag op SY PRAGTIGE AANGESIG en sonder 'n woord vra HY my en kyk HY wat ek dink en ek sien dat SY kleed soos 'n sagte omhulsel aan SY lyf sit soos die mensesiele wat HY opgetrek het om HOM sit en versamel het en HOM as kleed dien! En my hart gil van BLYDSKAP vir HOM want ek verstaan presies hoe dit werk met HOM, dat mens net jouself om HOM skaar, net by HOM is, in die toestand of vorm wat HY jou wil hê, soos nou...almal lyk soos 'n sagte wolkekleed om HOM, geen mensegedaante nie, maar ek weet dit is mensesiele wat so om HOM sit, want ek sit self ook so om HOM, ek spring in SY AANGESIG in so LIEF is ek vir HOM.

Maar HY sê "Hierdie is mense wie EK gaan kom haal, MY GELIEFDE. Hulle is die gelukkiges **wie EK gaan kom verlos voor die tyd**, sodat Hulle by MY kan wees en omdat daar vir elkeen 'n ander rede is, kan EK nie vir Julle sê waarom EK wie gaan kom haal nie.

Sommige is **te sag** vir dit wat gaan kom, en sal daarom baie seerkry, ander is weer sag, maar **sal verhard** deur die onreg en dit sal hulle siele bederf.

Sommige is alreeds te **ver gevorderd in ouderdom** om ook hierdie harde las te dra en sommige word **begenadig** om redes wat vir Julle onverstaanbaar sal wees.

Maar sien, SY het langs MY gestap en gesien hoe EK Hulle opneem, **maar SY is nie opgeneem nie**. Nogtans het EK haar LIEF met 'n ewige LIEFDE en sal HAAR nie verlaat nie en omdat ook net EK die rede ken, moet SY nog hier agterbly en so sal menige mense agterbly wat EK nie nou wil of sal kom haal nie, nie omdat Hulle goddeloos is, of verlaat is deur MY nie, maar omdat EK alleen weet **hoe EK elkeen kan gebruik**. Wees daarom nie bedroef nie en wees sterk want EK IS NOG STEEDS in beheer van Julle lewens. Moenie dink dat EK net sekeres liefhet nie. Julle is almal deur MY versorg tot in ewigheid en EK sal elkeen van Julle kom haal **op die regte tyd.**

Hierdie **aardse sif moet geskud word** sodat die tyd kan aanbreek vir die bose **om hulleself te oordeel**. **Menige sal deurval na die hel.**

Baie sal opgetel word en **opgebring word na BO**, na MY en al die aardse sal vergaan vir Hulle. Salig is Hulle want Hulle sal hierdie dinge op aarde vryspring.

Die hel en die vuur, die oordeel en die dood sal kom na hierdie aarde en alles verteer **wat van onder kom** en die goeies sal met **VUUR UIT MY HEMELE** Gedoop word om staande te kan bly, om as **werktuie** vir MY op te tree en te oes wat nog heel laaste vassit aan die plante. En Hulle sal 'n buitengewone seën kry vir daardie tyd om staande te bly en dinge wat nog nooit op hierdie aarde oor die mensekinders uitgegiet is nie, sal EK uitgiet, **want dit sal 'n buitengewone slegte tyd wees**. Julle wat nou hier lees moet nie bang wees nie.

Staan sterk, want **as die LIEFDE kom**, sal Julle nie 'n duit omgee vir die duisternis wat dan op aarde sal heers nie. **Julle sal verhewe wees en daarbo uitstyg** en dit sal Julle nie raak nie, maar Julle sal met groot KRAG en LIEFDE staande bly en met VREUGDE sal Julle die **HEMELE kan aanskou** en dit sal Julle KRAG gee om nie te val nie. Niks sal Julle weer aan die aardse kan bind nie en met verlange sal Julle net voortgaan om MY te dien, want niks sal vir Julle groter wees as **Julle LIEFDE vir MY nie.**

EK plaas nou 'n **goue sfeer** in Jou, MY GELIEFDE VROU. Dra HOM vir Jou volk!"

JAHSHUA!!!! DANKIE, DANKIE, DANKIE, JAHWEHSHUA!!!!!!

HY sit 'n groot sfeer van HEMELSE GOUD in my maag

in **en dit voel of ek swanger is en IETS ONTSAGLIKS DRA!**

"GELIEFDE EK GEE VIR JOU HIERDIE GROOT GESKENK **OM TE DRA VIR JOU VOLK**! DIT IS IETS WAT EERS LATER VIR JOU VERSTAANBAAR SAL WEES, **MAAR DRA DIT VIR MY VOLK!**

SÊ VIR HULLE DAT EK HULLE LIEFHET EN DAT EK JULLE GEBEDE OP MY HANDE DRA EN DIT VIR JULLE SAL OPLOS WAT JULLE VRA. EK GEE **VERGIFNIS** VIR JULLE. EK **VERSTERK** JULLE. EK **NEEM** JULLE GEBEDE **AAN**.

EK HET JULLE GEKIES. JULLE IS MYNE! DIE WÊRELD WEET NIE WAT IS WAARDEVOL NIE EN DIT WAT WAARDEVOL IS KOM MY TOE, DAAROM NEEM EK JULLE AAN EN **DRA JULLE TEEN MY BORS**. EK LES JULLE DORS MET MY **HEMELSE WATER** EN EK VOED JULLE MET MY **HEMELSE BROOD**.

DIT IS GROOT GENADE WAT VANUIT MY HANDE KOM OM JULLE TE RED VAN DIE AARDSE BANDE EN SONDE. UITEINDELIK SAL JULLE BY MY NET MY KINDERS WEES EN EK SAL GEEN ONDERSKEID TREF TUSSEN **VERSKILLENDE VOLKE** NIE. **JULLE SAL ENGELE WEES**, **VERHEWE BO DIE AARDSE**. JULLE SAL 'N **ANDER SPESIE** WESE WEES. **NIE MEER BOER OF BRIT NIE**. DIT ALLES SAL VERDWYN. UITEINDELIK SAL NET DIE LIEFDE OORBLY. AMEN"

Ek het die pragtige SFEER binne my, maar ek kan enige tyd na HOM kyk as ek wil en ek verkyk my aan HOM...HY is 'n pragtige GOUD wat net uit die HEMELE kan kom en ek streel oor HOM en rol HOM om en ek het 'n ontsaglike LIEFDE en BLYDSKAP, maar ek weet nie wat dit beteken nie. Ek voel net hoe wonderlik hy is, hoe swaar en gewigtig hy is omdat hy so belangrik is. Maar dit is 'n plesier om HOM te dra!!

En terwyl ek so oor HOM streel sê JAHSHUA "**Die ronding beteken die volkomenheid waarmee EK Julle vergewe het**.

O, dit voel so lekker om oor HOM te vryf want dit bring die betekenis na vore en maak my hart bly daaroor dat ons vergewe is!

En ek verstaan ook dat hier vir ons **rykdom** kom. Groot **seëninge** en plek om te bly...**grondgebiede** wat net vir ons gegee gaan word sonder dat ons 'n sent hoef te betaal. Alles gaan net so in ons hande inval van BO af…

Ontsaglik baie dankie vir die voorreg om hierdie HEMELSE SFEER te kan dra, JAHSHUA!!

En nou.. 'n rukkie later, is ek nog steeds besig met die SFEER en die volgende oomblik word ek ontsaglik groot en die SFEER klein en HY is so klein soos 'n pêrel en ek hou hom vas in my handpalm en bedek met die ander palm en ek bring HOM in my hart in en sit HOM daar neer as iets ontsaglik KOSBAARS! En na 'n rukkie kom HY boontoe, na my oë toe en daar kom sit 'n pêrel in elk van my pupille en ek glimlag met GOUE pupille!!

**En ek kyk na JAHSHUA wat in my arms lê as babatjie met hierdie pêrel pupille in my oë**. En my siel ril want ek sien dat HY toe al geweet het van ons wat nog gaan kom, dat HY geweet het HY ook vir ons sal sterf!! En ek sien HOM skielik aan die kruis en met SY siel sê HY

***"EK sal LEWE. EK sal sterwe. EK sal opstaan vir Julle Suid-Afrika!"***

JAHSHUA!!!! DANKIE SHUA DAT EK DIT KON SIEN!! En ek sien boere op perde en ek is 'n GEES by ons voorgeslagte by 'n slag en ook by Bloedrivier en ek voel iets fantasties wonderliks in my siel wat 'n VREUGDE in my opbring en ek WEET JAHSHUA IS NOG NET SO MET ONS SOOS TOE!

Vir die wie by HOM skuil is HY! En iets het my baie diep opgeval want dit is spesifiek so vir my gegee – die gevoel van die perde!! Elke keer wanneer daar 'n geveg was, waar JAHSHUA hulle gehelp het, het HY die perde 'n spesiale gees van opgewondenheid en Vreugde gegee wat hulle versterk het. Hulle het so opgewonde gevoel soos 'n hond wat saam met sy baas gaan jag. Daar was 'n HEMELSE VREUGDE en LAG in die perde geplaas!! 'n LAG??!! **EN ek dank JAHSHUA, DIE BABATJIE wat op my skoot lê**. ELOHIM wat hier in my arms lê. Wanneer HY wil, lê HY so in my arms en dan kyk ek net vir HOM en dan kom die mooiste dinge in my hart op.

En ek sien dat ONS vlieg oor die aarde en soos wat ONS gaan trek ek mense in die SFEER in...almal wat deel is van hierdie SFEER word net eenvoudig aangetrek en opgeneem en dit voel fantasties lekker vir my siel en vir elkeen wat ingeneem word! O DIS WONDERLIK!! En ek verstaan ook dat dit 'n **HEMELSE VOORSTELLING is van die NUWE AARDE** en ek voel ek het die mense in my op die GOUE AARDE en dit is iets ontsaglik wonderlik lekker vir my siel en my hart en my GEES en ek voel elke oomblik meer en meer HEMELS van hierdie SFEER en die betekenisse wat so een na die ander kom.

# Lesing 4 - 2 Desember 2020 - Meer Eindtyd Profesieë vir die Boerevolk

***Woord aan Christine op 26 November 2020***

Oor ware- en valse leiers, baie kinders bring Liefde

JAHSHUA omring my met GOUE LUG en LIG en HY sit 'n brandende fakkel bo in my kop in, en hy staan gedeeltelik uit bo my kop en brand. En HY sê "**EK wil MY WOORD aan Jou dikteer,**" Ek kan in die Goue Lug om my SY WOORD ervaar...hier is ontelbare jare se inligting en dinge wat verborge is. **Dit is JAHWEH HOMSELF in hierdie LIG en LUG.**

"Geseënd is Jy MY GELIEFDE VROU. Geseënd is Jy! EK hef MY stem en roep na MY kinders en vra Julle om MY **bo alles lief te hê en te dien tot in ewigheid**, al gaan dit hoe swaar met Julle. EK sal nooit dat Julle sterf nie. Julle siele sal bly voortleef **hier by MY** in die grootste geluksaligheid wat nou nog vir julle verstande te groot is om te verstaan. Daarom kom EK ELKE DAG na Julle toe met **nuwe en vars brood** sodat Julle kan leef en nie sterwe nie.

EK wil nie hê Julle moet sterf nie. Kom leef eerder vir MY as wat Jy sterf. Dit is groot **Genade en LIEFDE** van MY wat Julle omring en versterk. Asem MY in en kyk die duiwel vierkantig in die oë sonder om te vrees en WEET waar die vrees vandaan kom. Onthou dat hy die vreesagtige een is. Met MY in gedagte kan die duiwel Julle niks doen nie en hy sal vlug, want hy self is die een wat bang is. Met vrees kan hy Julle beheer en dit is **presies wat die wêreldmagte met Julle wil doen**!

Alles wat op hierdie oomblik in die wêreld aangaan is 'n baie goed uitgewerkte plan van die bose wat al baie jare vooruit beplan is en hulle dink dat hulle gaan slaag daarin om al MY kinders te verslind. MY Kinders, wees nie bang vir hulle wat net die vlees kan skaad maar niks aan Julle siele kan doen nie. Hulle kan nie Julle harte steel nie. Hierbinne waar EK in elke hartklop Die MEESTER IS, daar sal Hulle niks kan doen nie!

Die vlees is soms buit van die satan, maar **die GEES IS MYNE en dit kan hy nooit steel nie.** Met Julle as volk gaan dit nou baie swaar en kyk maar om Julle, die hele wêreld kry swaar omdat die bose magte se planne stadig maar seker besig is om alles en almal oor te neem met hulle beheersug.

**Maar EK laat dit toe want Julle moet sterk word in MY**. Kyk, **die oes is gereed** om afgehaal te word en EK is alreeds besig daarmee. Daarom sal die **bossies** nou baie lyk en hulle sal vermeerder want die tyd is verby vir hulle. Binnekort sal hulle hulleself aan die brand steek deurdat hulle hierdie aarde gaan verwoes en **hulle eie kele afsny**.

Vir MYNE is daar hoop en VREUGDE!! Ja, EK KOM JULLE HAAL EN JULLE WEGNEEM **NA 'N WONDERLIKE NUWE PLEK** WAAR DAAR GEEN DIEF, GEEN ROWER, GEEN DOOD, GEEN ONHEIL EN VREES SAL WEES NIE!

Julle kinders sal speel sonder om gehinder te word. Net mooi niks sal Julle kan skend nie. Vrees nie. EK herhaal – VREES NIE. Dit is die taktiek van satan om Julle paniekerig te maak. Net soos 'n **groep wolwe** wat onder die skapies inhardloop en hulle verstrooi en dit dan maklik is vir hulle om sommer orals te gryp en te verskeur, net so wil satan met Julle maak. Wanneer Julle vrees en wild rondhardloop in Julle verstande, dan is dit sy tyd om lelik te verskeur en weg te ruk van die GELOOF EN VERTROUE in MY!

Laat niks Julle onderkry nie. Staan sterk in MY en wees rustig. EK sal vooruitgaan. **EK IS GETROU. EK SAL JULLE BEHOU. Julle moet net VERTROU**! EK sal Julle opbou. Moenie dat die stryd op aarde te groot word vir Julle omdat Julle nie op MY gefokus bly nie. Net so waai die onheil weg in Jou eie lewe en bring EK weer rustigheid en kalmte vir Julle!

EK beproef Julle, maar net so 'n bietjie. In die geskiedenis van hierdie aarde, is ontelbare mense al verdruk en gedood, want telkens vergeet die mens WIE EK IS, en jaag die aardse dinge na, word blind in hulle siele en **kies dan leiers wat die mense onderdruk**. Dan huil hulle baie en verdink MY van ongenade, ontrouheid en wreedheid, maar dit is dan die mens self wat hulle **verkeerde leiers** kies. Die mens kyk heeltemal verkeerd na ander en bewonder die domste dinge in die ander persoon, plaas hom op 'n troontjie en siedaar – **die antichris heers oor hulle!!**

Dan bring hy eerste groot laste op hulle deurdat hulle **geldelik onderdruk** word en so word dit mettertyd al hoe donkerder en donkerder om hulle. Skielik is die hele nasie in smart gedompel en dit bloot omdat mense nie na MY kyk nie. Omdat hulle altyd 'n leier soek wat in hulle smaak voldoen, maar wat 'n verleier is.

Ja, gaan kyk maar wie Julle verkies as leiers! Dit is gewoonlik die een met die **mees grootdoenerigste persoonlikheid** wat al die ander wil oorheers! Is dit nou wat EK sal verkies in 'n mens? Sal EK nie die **nederigste, stilste persoon** kies vir MY taak nie?

Daarom, MY KINDERS, wees nie meer dom nie. Kies nie vir Julle leiers wat Julle sal vertrap nie. Maar wag op MY sodat EK MY Moses en Aaron kan opwek wat Julle werklik tot by die beloofde land sal lei deur MY LIEFDE, Genade en Geduld! Kyk na die mens met baie **geduld** – hy het outomaties **baie LIEFDE**. Want Geduld en LIEFDE gaan hand aan hand. Hulle is VRIENDE van DIESELFDE KONING! Ja, die koning wat met die grootste Geduld en sagmoedigheid heers, is 'n **ware koning in MY oë.**

Maar die wêreld dink dat hulle die grootste tiran moet verkies as leiers! **Leuenaars sal NIE MY KONINKRYK beërwe nie**. Hulle sal tot niet gaan. **So is elke politieke leier 'n leuenaar** en is hy net daar vir die groot geld wat hy maak. Daar is maar werklik min mense wat werklikwaar omgee vir die mense onder hom of haar.

En die wat wel geskik is om leiers te wees, hulle skuil in die agtergrond **hier by MY**. Maar sonder dat Julle besef, word Julle tog gelei deur sulke mense op 'n ander manier, omdat Julle daardie mens se groot Geduld sien en dit waardeer en dit ook navolg omdat die voorbeeld daargestel is deur die betrokke geduldige persoon. **En so word Julle gelei deur MY GEES** sonder dat daar iemand op 'n podium hoef te staan en julle verlei. **Julle wat MY GEES het, sal nie verlei word nie**. Julle siele sal wakker wees en anderpad kyk. Julle sal nie na hierdie verleiers luister nie, want **MY GEES waarsku Julle teen hierdie leuenaar.** (***word vervolg***)

***(Vervolg) Woord aan Christine op 26 November 2020***

Oor ware- en valse leiers, baie kinders bring Liefde

In jou eie lewe kan jy 'n leier wees wat EK uitverkies het om die mense om Jou te help, sonder dat jy voor hulle hoef te staan en baie te praat soos 'n politikus.

Maar dit is 'n ander saak as EK iemand opwek wat Julle moet vertel van MY HEMELE. Dan is dit nie van toepassing dat hy of sy 'n verleier op 'n podium is nie. **Luister met Jou hart** na alles en almal. MY GEES binne jou sal Jou hart bly maak of waarsku. Luister dan met aandag as dit Jou hart bly maak, **as MY NAAM GROOT GEMAAK WORD!**

Ja,, dit is die oordeel waarmee Julle moet oordeel – **word MY NAAM groot gemaak of word daar leë vleeslike beloftes gemaak vir voorspoed** net sodat die persoon verkies moet word as leier? Wil iemand voor staan **<u>of wil hy MY voor laat staan</u>**? Al staan hy voor, sal hy MY voor laat staan as sy hart reg is en Julle harte sal vol LIEFDE voel. Dit is die kriteria – MY GEES. As iemand deur MY uitverkies is om te praat, sal hy of sy **NET MY NAAM GROOT MAAK**!

En hy sal VREDE maak tussen MY kinders. **Hy sal poog om VREDE te maak tussen sy broers.** Hy sal poog om MY LIEFDE uit te leef. So iemand kan 'n leier wees.

Maar 'n kompeterende, selfsugtige persoon sal 'n tiran wees teenoor sy broers en susters as hy aan bewind kom. **<u>Ambisie</u> in hierdie aardse lewe is nog 'n teken van 'n slegte leier.** So iemand wil die leer van hierdie aarde tot bo klim! En sodoende klim hy die leer van die hel na benede! Hoe hoër hy in hierdie lewe klim, hoe dieper klim hy af in die hel in.

So moet Julle dan die **goeie eienskappe in Julle kinders** wakker maak en Hulle aanspoor om die nederigste te wees, om sag te wees met Hulle kleiner boeties en sussies en daarom is dit ook goed om baie kinders te hê! Want kinders leer deur met mekaar te speel en as Jy as ouer vir hulle die geleentheid kan gee om met sy/haar jonger broers en susters om te gaan in MY LIEFDE, **sal Julle kinders voortbring wat in MY ORDE wandel** en Hulle sal as volwassenes ook nie op Hulle naaste trap nie. Hulle sal nie voor wil staan en lei sonder Liefde nie. Hulle sal die ander se belange bo hulle eie stel en so sal hulle dan die beste leiers wees sonder 'n podium, sonder hoogmoed en hulle sal nie veragtelik in MY oë wees nie.

Daarom moet Julle Julle kinders die LIEFDE leer, sodat die toekoms van Julle land, van Julle volk, goed en mooi kan wees. Dink net vir Julleself – as Julle net Julle kinders leer om vooruit te gaan op hierdie aarde – hoe gaan die aarde oor sê maar twintig jaar lyk as al hierdie ongelowige kinders groot geword het? Saam met hulle groei die sonde ook en dit sal mos net die aarde versleg? Wees vol LIEFDE. Leer Julle kinders LIEFDE! Bring die wat wil oorheers weer terug na die nederigheid.

Gee vir hulle boeties en sussies waardeur hulle kan leer en moenie dink aan die finansies wat nodig is daarvoor nie. Groot gesinne het die meeste LIEFDE – dit is nou as Hulle MY ken en dien! Die rede waarom EK soms enkel kinders moet wegneem van die ouers is juis omdat die kind nie geleer het deur en met boeties en sussies nie.

Om dan die kind se siel te red, moet EK hom wegneem en na MY ryk bring sodat hy dan HIER kan leer om met sy medebroers en susters oor die weg te kom en te deel. Groot gesinne wat MY dien, is 'n aanwins vir hierdie aarde en hoewel die leiers van die aarde dink die populasie is teveel en groot gesinne is uit die mode, sê EK vir Julle dat EK ten gunste is van groot gesinne juis omdat die LIEFDE geleer en toegepas word. EK seën Julle vandag, MY GELIEFDES. EK SEËN JULLE!! Amen"

En uit hierdie GOUE MISTIGHEID hier om my kom JAHSHUA se Hande en ek voel hoe HY my vashou en aan my vat en my siel word rustig en kalm en bly en dankbaar en alles wat HEMELS is. En hier kom 'n brief na my toe, 'n **toegevoude papier met 'n koningseël op** en hy gaan vanself oop en vou my gesig toe. En ek kan nie lees wat daar geskryf staan nie, maar **my siel ontvang dit** en dit maak my baie, baie bly want die LIEFDE wat hierin is, is fantasties.

En ek sien dit is 'n brief wat my versterk, want JAHSHUA het in hierdie brief mense se harte vir my oopgemaak...dit is asof die brief van baie mense, baie HEMELSE GEESTE af kom en Hule vra my om asseblief nie op te hou om vir JAHSHUA te skryf nie, om nie op te hou met LIEFDE nie en Hulle gee Hulle LIEFDE vir my as versterking. Dit is so simpel gesê met my eie woorde, maar GODDELOOFLIK WONDERLIK as ek dit met my siel inneem. En ek voel 'n ontsaglike LIEFDE!!

Hierdie is 'n BRIEF vanuit die HEMELE van JAHSHUA EN SY ENGELE EN ALLE WESENS! En **HY is vir altyd hier in my gesig, in my wese!** En JAHSHUA gee vir my 'n wynglas vol GOUE VLOEISTOF in en dit is tegelykertyd 'n HEMELSE ROOS. En toe ek dit aanneem, gaan dit sommer direk binne-in my in en versterk my en laat my ontsaglik baie uitsien na die HEMELE! Die aardse pad voel nog so lank…

# Lesing 6 - 4 Desember 2020 - Meer Eindtyd Profesieë vir die Boerevolk

***Boodskap aan Christine op 2 Desember 2020 om 3:20***

Kontrakte met JaHshua gesluit om aarde toe te kom. Vorige lewens op ander planete

JAHSHUA sê ek moet regop sit in die vlees en HY sê dat ek my hand vir HOM moet gee. Ek steek my hande uit na HOM en ek sien dat my palms goud is en die lyne op my hande staan duidelik uit. JAHSHUA lê klem op my handlyne en HY sê dat die mens se hele lewe op sy palms geskryf staan en HY wys my hoe ek, toe ek in die HEMELE was met HOM, 'n kontrak gesluit het en dat **jou palms jou handtekening is**, en die afdruk van die kontrak met HOM. En my handpalms het skielik vir my nuwe betekenis. Ek sien hoe dit werklik die lyne of paaie van jou lewe is en as jy werklik kan verstaan en onthou sal jy dit in jou palms kan lees.

Maar dit is nie dieselfde as palmslesery wat deur mense gedoen word nie. Dit is nie fortuinvoorspelling nie. Dit is Hemelse inligting.

En soos ek hier staan, sit JAHSHUA SY hande reg bo op myne en versterk my vir my aardse pad en taak deur my palms. En dit gaan deur tot in my hart en bring 'n vuurwarmte in my hart.

"Dit staan op jou palms dat Jy MY kind is. Dit staan op Jou palms dat Jy vir MY sal skryf en elke liewe ding wat Jy sal doen vir MY staan ook op Jou handpalms geskryf.

***Jeremia 1:5 Voordat*** *Ek jou in die Moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en* ***voordat*** *jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou afgesonder; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak.*

Wat Jy vir MY moet doen, **SAL jy doen**. Jy SAL klaarkry daarmee en dit voltooi!"

Dankie JAHSHUA!! En JAHSHUA sê dat ek my hande in SY Water moet insteek en toe ek dit insteek, gloei die water met 'n pragtige goue kleur en my hande se goue lig skyn in die water, helderder as voorheen. Ja my hande helder op en word helder goue geel lig.

En JAHSHUA sê dat ek my gesig met die water moet was en toe ek dit doen word my siel versterk en HY sê dat ek nie meer moet huil nie en my trane moet afspoel en ook dat dit wat ek moet doen, ook in my gesig geskryf staan en dat ek alles sal doen wat ek moet doen vir HOM. En hieroor is ek soooooo! bly en dankbaar. En dit is so mooi hoe die water my laat voel, want hierdie water is JAHSHUA SELF en dis asof dit alle skuldgevoelens wegwas.

En selfs my hart voel asof die water tot daar gegaan het en in werklikheid het dit, want ek voel hoe dit koel afloop tot in my hart en nuwe lewe daar bring en ek sien daar kom orals in my hart nuwe plante op...nuwe lewe. En my siel jubel en juig DANKIE JAHSHUA, DANKIE JAHSHUA, DANKIE JAHSHUA! En die nuwe lewe spoel soos ''n lafenis deur my hele lewe, koel lewende water....JAHSHUA HOMSELF! En ek voel duidelik hoe dit afspoel ot in my voetsole. En ek voel soos 'n nuwe mens. En ek drink en drink en drink en is binne-in die goue water...ek is saam met JAHSHUA die water. En ek staan voor JAHSHUA druppend nat en absoluut geseënd en soos ek daar staan, sluk ek net die hele tyd onophoudelik. Asof ek water drink, asof ek in die water self is...alles tegelyk. En ek weet en besef dat dit afdrup en **deur my voete kom vanuit die HEMELE na die aarde toe** en ek is so dankbaar daarvoor JAHSHUA. Ons het water so nodig.

"Dat JY dit sal doen staan ook op Jou palms geskryf, MY Geliefde Vrou. En wat meer is, kyk na jou voetsole. Dit is die afdruk wat jy op die aarde maak om te bewys dat Jy hier was. Niemand besef dat voetspore so 'n diep betekenis het nie. Jou voetspore dui aan waar jy was en daarin kan EK selfs sien wat jy gedoen het, al verstaan Jy dit nie, EK verstaan dit. Jou hande staan vir die HEMELE en jou voetsole staan vir die aarde. **Soos in die HEMELE net so ook op die aarde**.

Dit wat EK vir jou in jou hand geplaas het, hier in die HEMELE, staan op jou palms en jou voetsole wys of jy dit gedoen het wat ek vir jou in **jou kontrak** geskryf het...dit waaroor jy met MY ooreengekom het. **En elke mens wat met MY 'n kontrak gesluit het, sal dit doen wat daarop geskryf staan**. En EK sal jou help om dit te doen en af te handel wat begin is. Al vat dit ook maande, maar dit sal gedoen word. Hoe meer buigbaar die mens se wil, hoe gouer word dit gedoen.

Maar Julle is soms traag en lui en word dan deur MY aangehelp deur siektes en nood en allerhande dinge wat die mens pla sodat hy nie traag moet word en afsluit met die hel nie. Die siel skep hierdie lyne op die palms wanneer die babaliggaam in die moeder gevorm word. **Die kontrak staan op die siel geskryf en die siel skep die liggaam** en bring so die kontrak ook oor aan die liggaam vanuit die HEMELE.

Maar nie almal is uit MY nie en daar staan soms baie **lelike dinge** op mense se handpalms geskryf en dit maak die mens vuil en sleg. **Dit is afdrukke vanuit die hel.** Julle mense moet Julle liggame op 'n ander manier beskou as wat nou die geval is. BESEF dat EK jou liggaam vorm gegee het en dat dit MY tempel is. BESEF dat groter dinge in jou liggaam geskryf staan as wat julle oë sien en dink na oor wat Julle met julle liggame doen! Want EK is elke oomblik met jou en in jou en jy dra My saam met jou waar jy gaan en ontheilig MY selfs wanneer julle die tempel veront-reinig.

EK is saam met Julle van voor geboorte af, waar EK in die moederliggaam vir jou 'n eie liggaam geskep het. MY GEES staan geskryf oor elke liggaam, al is die siel afkomend van die hel. EK is daar in sy liggaam, hoewel dormant. Maar net soos wat daar saad is waar die GEES hom verlaat en hy nooit opkom nie, so is dit ook met mense. Die wil in die mens bepaal hoe vinnig en of die GEES hom laat opkom. Binne-in die hart is MY

kiem wat groei **sodra die mens wil**, sodra daar GEESTELIKE VOEDSEL ingeneem word en die siel dit **opneem** as waarheid. Daarom moet Julle Julle kindertjies voed met **ware lewende water en kos vanuit MY Hemele** sodat hulle kan groei en gedy in MY. En Ek sal MY water oor Julle uitgiet en Julle versterk sodat daar nie een oomblik verbygaan waar Julle nie vir MY werk en in MY groei nie."

"Ek gee vir Julle elkeen 'n **geborgenheid** vandag. Ek plaas in elkeen wat hier lees en in die wat van goeie wil is, maar nie hierdie gelees het nie, 'n nuwe lewe, nuwe water in sy siel sodat Julle kan LEWE IN BLYDSKAP"

En ek sien skielik dat hier 'n goue skinkbord vol allerhande lekker goeters op is en dit is alles myne deur JAHSHUA gegee en HY laat my ook verstaan hoe ek dit moet inneem en ek keer die skinkbord om in my gesig en neem alles met een slag **in my siel in op**, deur my hele gesig, nie met my mond nie.

"MY GELIEFDE VROU, Jou siel het hierdie voedsel nodig en orals waar jy gaan sal dit deur jou voetsole op die aarde drup en deurkom na die mense wat om jou is. Staan stil en kyk om jou heen. Orals is MY GEES. **EK raak alles nou om jou aan om dit te Heilig.** Amen"

**Jesaja 49:16** Kyk, Ek het Jou in die **handpalms** gegraveer; Jou hegting is voortdurend voor My.

**Psalm_119:109** My Siel is voortdurend in My **handpalms**; nogtans vergeet Ek U Wet nie.

**Jesaja_59:6** Hulle weefsels deug nie vir klere nie, en met hulle voortbrengsels kan niemand hom toemaak nie; hulle werke is nutteloos, en die daad van geweld is in hulle **handpalms**.

# Lesing 7 - 5 Desember 2020 - Meer Eindtyd Profesieë vir die Boerevolk

***Die Groot Evangelie van Johannes Boek 1***

## Die verhaal van Philopold

**Hoofstuk 213** Ek (**JaHshua**) sê: "Moenie verder daaroor praat nie, jy sal jouself weldra daarvan kan oortuig of daar nog iets aan hom te doen is." En terwyl Ek my na die stoïsistiese Philopold wend, sê Ek: "**Glo jy dat jy nie vooraf met God, jou Skepper, `n verbond gesluit het nie,** en dat jy dit nie eens was met al die voorwaardes wat jou dikwels onder oë gebring was, en wat sonder meer noodsaaklik is vir die lewe op hierdie planeet nie? Weet dan dwaas, dat dit al die **twintigste hemelliggaam** is waarop jou liggaam leef; jou totale liggaamlike leeftyd tel al soveel aardse jare dat dit die aantal fynste sandkorreltjies in al die oseane op die aarde ver oortref! En wat `n, vir `n liggaamlik lewende mens, onvoorstelbare, haas eindelose tydsduur, bestaan jy al as suiwer gees in die volste sin, en met die helderste selfbewussyn in die eindelose ruimte, waar jy tesame met tallose ander geeste algeheel vry geleef en met alle mag hierdie totaal vrye lewe geniet het!

[2] Die sonnestelsel waarin jy liggaamlik die laaste gewoon het, noem die geleerdes van hierdie aarde **Procyon**, maar die eie bewoners van haar uitgestrekte oppervlakte noem haar **Akka -** en so noem hulle haar daar oral met een en dieselfde uitspraak, want die bewoners van dié planeet praat maar één taal. Dáár het jy van `n engel gehoor dat **die groot, Almagtige, Ewige Gees, die enige Skepper en Bewaarder van alle oneindigheid en alles wat dit bevat**, op een van die **kleinste planete** wat in die eindelose ruimte in tallose hoeveelhede hulle baan volg, **Self vlees sou word** en `n ten volle mensegedaante sou aanneem. Jy uiter toe die vurige wens om, as dit moontlik sou wees, op daardie planeet geplaas te word om daar die Een wat jou geskape het, **te sien en te hoor**. Toe kom hierdie selfde engel wat jy hier aan My regterhand as sewende mens sien staan, maar wat tog `n algeheel vrye gees is, en hy vertel jou haarfyn en presies van die sware omstandighede waaraan jy onderworpe sou wees as jy `n bewoner wil word van die planeet waarop jy nou staan, en as jy daar **kindskap van God** wil verkry.

[3] Jy neem toe al die voorwaardes aan, waaronder ook dat jy as bewoner van die gekose planeet die herinneringe aan jou vroeëre lewens op ander hemelliggame volkome kwyt sou wees tot op die oomblik dat dieselfde engel jou **driemaal op jou naam sou roep** wat jy op die planeet Akka gehad het.

[4] So het alles in waarheid daaraan toegegaan, en al is dit tot nog toe weliswaar onbegryplik vir jou, hoe onbillik is dit nie van jou as jy beweer dat daar vir jou bestaan op die aarde tussen jou en jou Skepper heeltemal geen verbond gesluit was nie?!"

[5] Philopold sê: "Wat is dit nou vir hersenskimmige verwarrende taal? Moes ek al êrens op `n ander, mooier en na dit skyn beter wêreld as `n mens van vlees gewoon en geleef het? Nee, dit is darem te erg! Luister eers, jy sewende van regs, wat deur die Násarener `n engel genoem word, hoe heet jy dan en hoe heet ek?"

[6] Die engel sê: "Wag net `n bietjie; ek sal so gou moontlik kenmerke uit jou vorige wêreld gaan haal en dié sal ek jou ter insae en herkenning gee!"

[7] Na hierdie woorde verdwyn die engel, maar kom binne enkele oomblikke weer terug en oorhandig aan Philopold `n rol waarop die naam van die engel en sy eie naam duidelik leesbaar in perfekte ou Hebreeuse letters geskryf staan, en `n tweede rol waarop al die voorwaardes geskrywe staan waartoe hy vir sy oorgang ingestem het.

[8] Terwyl die engel die rolle aangee, sê hy: "Hier, lees en herken dit, voormalige Murahel, Murahel, Murahel! Want ek, wat ArgiEl heet, **het dit vir jou van dieselfde altaar gaan afhaal waar jy aan my die groot belofte gedoen het!** Moenie vra hoe dit in die paar oomblikke moontlik was nie; want vir God is besonder wonderlike dinge moontlik! Lees eers alles, en praat dan daarna!"

## Geen herinneringe aan vorige lewens nie. Oor die samehang van liggaam, siel en gees

**HFS 214** Philopold lees die rolle baie aandagtig deur en omdat sy innerlike oog daardeur geopen word, sê hy na `n behoorlike tyd van uiterste verbasing: "Ja, so is dit; ek kyk nou terug in die totale eindelose diepte van my lewe, ek sien **al die wêrelde** waarop ek reeds geleef het en al die plekke en stede in die wêrelde waar ek vanaf geboorte tot aan my afskeid geleef het; ek sien wat ek was en wat ek op die hemelliggame gedoen het, en ek sien ook oral die **nakomelinge** van my naaste verwante, en kyk hier, op Akka sien ek selfs nog my **ouers**, my baie **broers** en baie dierbare **susters**! Ja, ek hoor hulle selfs onder mekaar besorg oor my praat en sê: "Hoe sou dit met Murahel gaan? **Sal sy gees al in die eindelose ruimte die groot Gees in mensegedaante gevind het**? Hy sal nie aan ons dink nie, omdat ArgiEl, die afgesant van die groot Gees, sy geheue afgeskerm het tot op die oomblik waarop hy hom driemaal op sy regte naam sal roep!

[2] Kyk tog! So hoor ek hulle nou praat en ek sien hulle tewens in lewende lywe! Hulle gaan nou na die tempel om die sware lewensvoorwaardes in die dokumente na te lees, maar hulle vind dit nie. Die hoëpriester van die tempel sê egter aan hulle dat ArgiEl enkele oomblikke gelede die dokumente ten behoewe van Murahel kom haal het, maar dat hy dit direk terug sal bring. En hulle wag nou in die tempel en offer vir my!

[3] O Liefde, Liefde, o goddelike krag! Hoe eindeloos ver strek U U heilige arms uit! Oral dieselfde Liefde! O God, hoe groot en heilig is U en hoe is die vrye lewe tog vol van verborge geheimenisse! Watter mens op die hele aarde kan die diepte deurgrond wat ek nou sien? Hoe totaal niksseggend is die armsalige mens op die maer aarde besig, vegtend nie selde nie om lewe en dood vir `n handbreedte grond, **terwyl hy dit in homself dra wat miljarde aardes nooit kan bevat nie!"**

[4] Na hierdie woorde word Philopold stil, gaan na die engel en gee hom die twee rolle weer terug met die opmerking: "Bring hulle weer terug na waar op hulle gewag word!"

[5] Maar die engel sê: "Kyk, ek het ook `n skryfgriffel saamgebring; dit is dieselfde een waarmee jy eiehandig in die tempel op Akka die dokumente onderteken het. Skryf op elke dokument tweemaal jou naam, dit wil sê, die naam wat jy op Akka gehad het sowel as die naam wat jy hier het, en hou die skryfgriffel as herinnering!"

[6] Philopold doen dit, en die engel neem daarna die dokumente en verdwyn.

[7] Na enkele oomblikke, wat hy nodig het vir `n bespreking met die hoëpriester op Akka, is hy weer by ons en vra aan Philopold wat hy nou dink.

[8] Daarop sê Philopold: "Nadat ek aan jou altwee rolle teruggegee het, verdwyn my visioen, en wat ek my daarvan kan herinner is kwalik meer as soos met `n droom waarvan mens in jou wakker toestand kan onthou dat jy iets gedroom het, maar wat jy jouself, ondanks al die pogings nie meer kan herinner nie! Ek merk ook dat ek `n baie vreemdsoortige skryfwerktuig in my linkerhand hou; maar hoedat ek daaraan gekom het, weet ek skaars; en daarom sou ek graag wil weet waarom mens tog van so baie verskynsels binne die bestek van die innerlike lewe slegs maar `n baie swak, of meestal heeltemal geen, herinnering het nie. Waarom is dit so?"

[9] Die engel sê: "**Omdat dit hier daarom gaan om `n algeheel nuwe skepsel te word, en wel uit en in God**. As jy eenmaal uit God `n algeheel nuwe skepsel is en die kindskap van God bereik het, **dan sal alles weer aan jou teruggegee word!**

[10] In die tallose ander wêrelde was jy innerlik en uiterlik gevorm tot die persoon wat jy moet wees; maar hiér laat God die uiterlike vormgewing oor aan die siel, **wat haar liggaam self vorm volgens die ordening waarin sy geskape is;** maar elke gees wat in die siel geplaas is, moet eers die siel vorm deur die navolging van die, hom van buite-af gegewe, wette. As die siel daardeur die nodige rypheid en vorming bereik het, dan gaan die gees volledig in die siel oor en dan is die hele mens daardeur voltooi, `n nuwe skepsel, in beginsel weliswaar altyd uit God, omdat die gees in die mens eintlik niks anders is as `n God in die kleine nie, omdat dit **volledig uit die hart van God kom**. Maar die mens bereik dit nie deur `n daad van God nie, **maar deur sy eie persoonlike optrede, en word juis daardeur `n waaragtige kind van God!** En ek sê vir jou nog `n keer baie kortliks:

[11] Op al die ander hemelliggame moet die mense hulleself nie self vorm nie, maar word hulle deur God, of wat dieselfde is, deur Sy kinders gevorm. Hiér moet die mense hulleself egter geheel-en-al self vorm volgens die geopenbaarde ordening, anders kan hulle onmoontlik kinders van God word! **En so is `n voltooide mens op die aarde as `n kind van God in alles aan God gelyk;** maar `n nie-voltooide mens staan daarenteen veel laer as die diereryk!

## Philopold deur die Heer geroep. Oor die ware navolging

215 Dan stel Philopold nog `n vraag aan die engel: "Maar wie toon ons die geheime ordening?"

[2] Die engel sê: "Die Persoon wat jou so-ewe na my verwys het! Gaan na Hom; Hy sal aan jou sê wat Hy jou reeds gesê het; want as jy leef soos wat Hy sê dat jy moet lewe, dan is dit dié goddelike lewensorde, waarsonder mens die kindskap van God nie kan bereik nie!

[3] En Hy is ook Die Persoon waarvoor jy en nog baie ander Akka geestelik verlaat het en op hierdie aarde in die vlees van die aarde gebore is om die Heer te leer ken.

[4] In die hele skepping is egter - en wel op al die hemelliggame wat, hoe ookal, deur denkende wesens in menslike gedaante bewoon word, die volkome menswording van die Heer in die vlees deur ons bekend gemaak; maar slegs op `n baie geringe aantal wêrelde is dit aan baie weinig geeste toegestaan om in die vlees na die aarde te kom. Want die Heer ken elke natuur van al die wêrelde in die eindelose ruimte, en dus ook die aard en die moontlikhede van die bewoners en hulle geeste wat die verskillende wêrelde bewoon, en daarom weet Hy die beste of `n gees geskik is vir die vlees van die aarde of nie.

[5] Al diegene wat geskik was, is ook hierheen gebring; maar die aantal van diegene wat hierheen gebring was, is maar klein en kom nie noemenswaardig bo die **tienduisend** uit nie.

[6] Maar onder diegene is jy een van die gelukkigste; want as jy so wil, kan jy, net soos al diegene wat saam met die Heer hierheen gekom het, **as leerling deur Hom aangeneem word."**

[9] Na hierdie antwoord van die engel skep Philopold eindelik moed en gaan baie bedagsaam na My toe en sê, terwyl hy nog dertig treë van My af staan: "Heer, laat U my toe dat ek nader kom? As U dit nie wil nie, dan gaan ek weer terug!"

[10] Maar Ek sê: "Wie wil, die kan kom; want deur te aarsel het geen mens nog ooit verder gekom nie!"


[l 1] Toe Philopold dit hoor, loop hy ietwat vinniger en is dan ook al gou-gou by My, en het op hierdie wyse dit bereik, waarvoor baie ander net so aarsel en daarom ook dikwels nie bereik nie, omdat hulle ondanks al die aanmoedigings nie vanaf hulle staanplek te beweeg is nie.

[12] "Want as iemand by al sy doen en late sy skrede nie in `n reguit lyn op My rig nie, is al sy doen, gaan en staan nutteloos vir sy lewe. **En ook al verkry hy die hele wêreld, maar hy het My nie, dan het hy aan die hele wêreld niks nie; want dié is dood**! Maar as Ek nou in hierdie tyd van die onthulling van die evangelie iemand roep en aan hom sê: "Kom!" - en hy kom nie, dan is sy gees gedoem om te sterf! **En daarom is Philopold `n goeie voorbeeld wat almal moet navolg**! Wie geroep word nadat hy na My gevra het, daardie een moet kom en nie aarsel nie! Want Ek bly nie altyd in Kana (oftewel: vol barmhartigheid in die wêreld) nie, maar trek al gou verder en wend My oog en oor af van diegene af wat aarsel as Ek "Kom!" geroep het!"




**Stoicism** is a school of Hellenistic philosophy founded by Zeno of Citium in Athens in the early 3rd century BC. It is a philosophy of personal ethics informed by its system of logic and its views on the natural world. According to its teachings, as social beings, the path to eudaimonia (happiness, or blessedness) is found in accepting the moment as it presents itself, by not allowing oneself to be controlled by the desire for pleasure or by the fear of pain, by using one's mind to understand the world and to do one's part in nature's plan, and by working together and treating others fairly and justly.

The Stoics are especially known for teaching that "virtue is the only good" for human beings, and those external things—such as health, wealth, and pleasure—are not good or bad in themselves (*adiaphora*), but have value as "material for virtue to act upon."




Zeno was born c. 334 BC,[a] in Citium in Cyprus. Most of the details known about his life come from the biography and anecdotes preserved by Diogenes Laërtius in his *Lives and Opinions of Eminent Philosophers*, a few of which are confirmed by the *Suda* (a 10th century Byzantine encyclopedia).[



# Lesing 8 - 7 Desember 2020 - Meer Eindtyd Profesieë vir die Boerevolk

***Die Groot Evangelie van Johannes Boek 1***

Waarom die Meester juis na die aarde gekom het. Die nuwe openbaring in hierdie tyd

216 Toe Philopold by My kom, sê hy: "Heer, ek het ontsettend grof teen U gesondig; maar dit was slegs die skuld van my groot blindheid! Maar nou, noudat U, o Heer, my op `n werklik wonderbaarlike manier siende gemaak het en nou dat ek U herken vir wie U is, vra ek U ter wille van U ewige liefde en wysheid of U my arme, blinde sondaar al my foute wil vergewe wat ek nou teen U en daardeur ook teen my naaste begaan het, soos wat U my dit al eerder presies duidelik gemaak het. As ek U heilige woorde sou opgeskrywe het - by al die hemele, dan sou daar niks van, heeltemal niks onvervuld gebly het nie! Maar ek glo dat ek wel nou weet wat U verlang en ek sal dit woordeliks nakom! U het vir ons almal die skuld aan Kisjonah vereffen en U het, sonder dat U daar iets voor vra, al ons siekes uiters wonderbaarlik genees, en U het dit alles gedoen sonder om ook maar iets vooraf te vra, en daarom hoop ek nou dat U `n sondaar wat U `n guns vra, nie sal afwys nie!"

[2] Ek sê: "Ek sê vir jou: jy is aangeneem! **Want wie kom, word aangeneem.** Maar gaan eers huis toe en kry jou sake soos deur My aangegewe, in orde; kom **daarna terug en volg My**; want jy mag nie aan die wêreld gebonde wees nie, omdat jy nie van benede af in die wêreld gekom het nie, **maar van bo af uit `n ander wêreld!**

[3] Want onder diegene wat jy hier sien, is daar ook `n paar van jou wêreld af, en ander van `n ander sonnestelsel, en maar weinig van hierdie wêreld; en dié weiniges het nie veel betekenis nie, want hulle vind die wêreld nog altyd belangriker as vir My. **Daarom is hulle ook maar tot weinig of niks in staat nie.**

[4] Ek het egter juis hierdie aarde uitgekies omdat haar **kinders die laaste en laagste is van die hele oneindigheid**; daarom het Ek die kleed van diepste nederigheid aangetrek om dit vir al die skepsels in My eindelose skepping moontlik te maak om na My toe te kom; van die allerlaagste planeetbewoners af, tot en met die allerhoogste bewoners van die oorspronklike sonne van die sentrum, moet iedereen op een en dieselfde wyse na My toe kan kom.

[5] Jy moet jou daarom nie daaroor verwonder nie dat jy My aantref op hierdie planeet **wat die onvolmaakste en laaste planeet van die hele skepping is**! Want dit is My eie wil; en wie kan aan My voorskryf dat Ek dit anders moet doen?!"

[6] Philopold sê daarop: "Heer, wie sal U raad wil of kan gee as hy glo, weet en erken dat U die Heer van ewigheid af is?! Maar ek gaan nou om U heilige wil dadelik uit te voer."

[7] Na die woorde haas Philopold homself saam met die hele gemeentebestuur huis toe; en terwyl daar ook verskeie Judeërs saamgaan om te sien wat die Grieke vir hulle sal doen, gee Ek aan die geneesdes onderrig hoe hulle hulleself in die vervolg **moet gedra om nie weer in hulle ou kwaal te verval nie.**

[8] Hulle neem die les almal dankbaar aan en dank My ook uit die diepste van hulle harte vir die buitengewone goedheid wat hulle ondervind het.

[9] Daarop verbied Ek hulle egter om oor alles wat hulle hier gehoor en gesien het met vreemdes te praat, waardeur Ek voortydig verraai sou word en sê aan hulle dat, as hulle hulleself nie daaraan hou nie, dit met hulle sleg sal gaan! Maar hulle belowe My almal dat niemand buite hierdie plek daar iets van sal hoor nie!

[10] Ek laat hulle dan gaan en sê ook aan die leerlinge om buite Kis met niemand daaroor te praat nie; en op die vraag van Mattheüs of hy die gebeurtenis sal opskrywe, sê Ek: "Nee! Want julle as My naaste getuies is wel hiervoor opgewasse en kan dit ook begryp; maar as alles wat Ek vir julle doen en sê in baie boeke beskryf sou word, **dan sou die wêreld die boeke nie net nie begryp nie, maar homself ook nog oormatig daaroor vererg** en dan sou mense julle nog erger as al die kadawers op die aarde verguis! Daarom moet jy, **Mattheüs**, niks opskrywe nie, **behalwe dít wat Ek uitdruklik aan jou sê!"**

[11] Johannes sê nou: "Maar Heer, my suiwerste liefde! Dit is natuurlik alles goed en wel op dié manier; maar as die wêreld op `n gegewe oomblik onvolledige oorspronklike dokumente oor U aanwesigheid hier en U dade op die wêreld kry, dan sal hulle uiteindelik nie anders kan as om aan U, U bestaan en U werk te begin twyfel en die brokstukke aan te sien vir werk wat in die eiebelang van die priesterdom geskrywe is nie!"

[12] Ek sê: "Dit is nou juis wat Ek wil bereik vir die eintlike wêreld, wat `n woning van die satan is; **want of jy `n vark nou graankorrels of die edelste pêrels gee, hy sal met die pêrels presies dieselfde doen as met die graankorrels.**

[13] Daarom is dit beter dat dit alles **baie versluier** aan die wêreld gegee word; dan kan hy homself besig hou met die omhulsel, terwyl die lewenskern tog nie beskadig word nie.

[14] As dit egter ooit nodig is, **dan sal Ek opnuut mense laat opstaan wat Ek alles sal laat weet wat hier gebeur het, en wat die wêreld te wagte staan vanweë haar onverbeterlike slegtigheid.**

[15] Maar hoe dit alles sal gebeur, dit sal Ek aan jou, **broer Johannes,** nadat Ek weer in My hemele gaan woon het maar jy nog in hierdie wêreld is, **in versluierde beelde openbaar.**"